AKADEMIE

WETENSKAP EKSPO

Departementele riglyne volgens KABV bepaal dat daar in NW en NW & Teg Wetenskaplike ondersoeke deur leerders beplan en uitgevoer moet word. Hier by Laerskool Elarduspark is ons bevoorreg in hierdie verband, want al die leerders van Gr 4 - 7 word verplig om in die tweede kwartaal 'n Navorsingsondersoek in Natuurwetenskap en NW & Teg in te handig. Dit is deel van die akademiese opdragte en 'n gedeelte daarvan word op die tweede kwartaal se rapport aangedui.

DOEL VAN WETENSKAP EKSPO

Ons poog om ouers die geleentheid te gee om betrokke te raak by die bemagtiging van hul kinders deur hul betrokke te kry by hul kinders se navorsing. Die kind moet tydens navorsing die wetenskaplike metode gebruik. Dit is nie net 'n eksperiment wat gedoen en in die klas gedemonstreer word nie. Indien daar 'n eksperiment by betrokke is, moet daar agtergrond inligting daaroor wees.

HOEKOM AAN WETENSKAP EKSPO DEELNEEM?

Die ervaring van blootstelling aan navorsing deur die gebruik van die wetenskaplike metode, is van onskatbare waarde in die hoërskool en tydens tersiêre onderrig. Ekspo bly 'n wonderlike geleentheid vir ouer en kind om innoverend saam te werk. Ons het ook die geleentheid om elke jaar 'n aantal ekspo-take vir die Noord-Gauteng Ekspo in te skryf. Leerders word deur 'n keuringsproses aangewys om hier deel te neem en ons Lardies presteer elke jaar goed.

TOOT TOOT!!